
2. Keiser Justinianus I: O, Unieke Seun van God

Teks

'Ο μονογενῆς υἱὸς καὶ λόγος τοῦ θεοῦ,
ἀθάνατος ὑπάρχων,
καὶ καταδεξάμενος διὰ τὴν ἡμετέραν σωτηρίαν
5 σαρκωθῆναι ἐκ τῆς ἀγίας Θεοτόκου
καὶ ἀειπαρθένου Μαρίας,
ἀτρέπτως ἐνανθρωπίσας, σταυρωθεῖς τε,
Χριστὲ ὁ θεός,
θανάτῳ θάνατον πατήσας,
εἰς ὃν τῆς ἀγίας τριάδος
10 συνδοξαζόμενος τῷ πατρὶ καὶ τῷ ἀγίῳ πνεύματι,
σῶσον ἡμᾶς.

Vertaling

U, die Enigste Seun en Woord van God,
wat onsterflik is,
en op U geneem het om ter wille van ons
redding
mens te word uit die heilige Theotokos
5 en altyd-maagd Maria -
U wat onveranderlik mens geword het, en
gekruisig is, Christus God -
wat die Dood met u dood vertrap het,
wat Een is van die heilige Drie-eenheid,
en saam met die Vader en die Heilige Gees
verheerlik word -
10 Red ons!

KOMMENTAAR

Agtergrond

Hierdie monostrofiese himne word toegeskrywe aan Keiser Justinianus I. Die twee belangrikste bronne daarvan is die *Symbolum Nicaeno-Constantinopolitanum* en die

Symbolum Chalcedonense (kyk hiervoor Schaff 1877: 57-58, 62-63).

Struktuur

Die gedig is in wese 'n himniese gebed met tipiese struktuur: 'n *invocatio* (aanroeping) met uitgebreide omskrywinge van die lewe en werk van die godheid, in hierdie geval Christus, en wat dan huis dien as grond vir die gebed waarmee die lied afsluit.

Hierdie agtergrond word verwoord deur 'n aantal participia, wat 'n bepaalde theologiese perspektief aan die gedig verleen (Barkhuizen 1984: 3-5):

1. Reëls 1-2: Die ewige wese van Christus as die Onsterlike Woord en Seun van God;
2. Reëls 3-7: 'n Kronologiese oorsig van Christus se menswording: geboorte, sterwe en opstanding;
3. Reëls 8-9: Die ewige wese van Christus as Een van die goddelike Drie-eenheid, en sy verheerliking.
4. Reël 10 bevat dan die gebed.

Let op hoedat die participia hierdie driedimensionele perspektief dra: In deel een en drie, waarin die ewige wese van die Seun ter sprake is, word die praesens participium gebruik, terwyl deel twee, wat na die aardse en historiese lewe van Jesus verwys, in aoristus-vorme uitgedruk word.

Die himne van Justinianus put, soos hierbo vermeld, heelwat uit die geloofscredos van die kerk. Nogtans het ons hier nie net bloot 'n sameflansing van frases uit die geloofscredos nie, maar slaag die digter daarom dit te omskep tot 'n estetiese eenheid en struktuur (vgl Barkhuizen 1984).

Interpretasie

Die tema van die agtergrond tot hierdie gebed, en waarop die gebed gegrond is, is die verlossing van die mens deur Jesus Christus. Die tema word gedra deur die Christologiese motief van die geboorte, dood en opstanding, wat omraam word deur die motief van sy ewige en verhoogde bestaan as Seun en Woord. Die woorde διὸς τὴν ἡμετέραν σωτηρίαν van reël 3 vorm dan ook die basis vir die gebed σῶσον ἡμᾶς, wat beklemtoon word deur die feit dat die twee frases chiasties met mekaar verbind is.

Die driedimensionele theologiese perspektief wat uit hierdie himne na vore kom, is natuurlik 'n tradisionele een, en eie aan die Nuwe-Testamentiese Christologie soos onder andere gesien word in twee Nuwe-Testamentiese himnes wat in hierdie

studie opgeneem is, te wete die Johannese Logos-himne, en veral die himne in Filippense 2: 6-11 (vgl Jeremias 1953: 152-154, asook verder by die bespreking van hierdie twee himnes). Dit is duidelik dat die openingsreël sterk aansluiting vind by die Johannese Logos-himne, terwyl die Christologiese perspektief van heerlikheid - vernedering - verhoging nie net in die Johannese Logos-himne terug te vind is nie, maar op treffende wyse inhoud is van die Filippense-himne.

Literatuurverwysings

- BARKHUIZEN, JH 1984. Justinian's hymn 'Ο μονογενῆς υἱὸς τοῦ Θεοῦ. *ByZ* 77, 3-5.
- JEREMIAS, J 1953. Zur Gedankenführung in den paulinischen Briefen, in Sevenster, JW & Van Unnik, WC (eds), *Studia Paulina in honorem Johannis de Zwann*, 146-147. Haarlem: De Erven F. Bohn N.V.
- SCHAFF, P 1877. *The creeds of the Greek and Latin churches*. London: Hodder & Stoughton.
- WELLESZ, E 1961. *A history of Byzantine music and hymnography*. Oxford: Clarendon Press.